# Elke hond kry sy dag – Nellie Alberts

’n Bekende uitdrukking sê dat ’n hond ’n mens se beste vriend is, maar honde kan veel meer as net vriendskap bied.

Dean is ’n groot hondeliefhebber, maar nie sy ma nie. Hy het dit wel reggekry om haar te oorreed om ’n afgetrede spoorsnyhond, Laika, aan te neem. Toe oom Sarel, die gesin se buurman, vermis raak, het Dean se ouers vinnig gesien dat Laika ’n veel groter rol kan speel as om net Dean se vriend te wees. Laika het vir oom Sarel in ’n lewensgevaarlike situasie gevind: buite op ’n stukkende hangbrug, oor ’n dreigende stroom, met ’n geswikte enkel en op ’n koue aand. Laika se heldedaad word vereer in die plaaslike koerant en sy kruip nog dieper in almal se harte.

**Vrae**

1. Hoekom wil Dean se ma nie ’n hond kry nie? Gee TWEE redes. (2)
2. Wat is ’n opregte hond? Watter ander naam word in dié verhaal vir ’n opregte hond gegee? (2)
3. In watter opsig is Laika ’n besonder knap spoorsnyhond? (1)
4. Watter argument gebruik Dean om tog sy ma te oorreed dat hulle vir Laika moet aanneem? Op watter voorwaarde stem sy ma in? (2)
5. Verduidelik wat bedoel word as Dean sê sy ma is “skoongeboul deur Laika”. (1)
6. Hoekom moes oom Sarel destyds ophou om die skoolbus te bestuur? Aan watter mediese toestand ly hy waarskynlik? (2)
7. Hoe weet Dean dat Laika sal kan help om oom Sarel te vind? (1)
8. Hoekom, dink jy, is daar nie meer baie mense waar hulle vir oom Sarel soek nie? Hoekom is Dean verlig daaroor? (1)
9. Toe Dean-hulle vir oom Sarel vind, sien hulle dat hy in ’n gevaarlike situasie is. Noem DRIE dinge wat veral sy situasie angswekkend en uitdagend maak. (3)

10. Watter rol het elkeen van die volgende karakters gespeel om oom Sarel veilig by die huis te kry?
   - 10.1 Laika (1)
   - 10.2 Dean (1)
   - 10.3 Dean se pa (1)

**Dink na oor die verhaal**

11. Wat beteken die uitdrukking: Elke hond kry sy dag? Dink jy dis 'n gepaste titel vir die verhaal? Motiveer. (2)

12. Noem DRIE maniere waarop honde hul eienaars in hierdie verhaal bystaan. (3)


13. Op watter TWEE maniere het Dean vir Laika gehelp? (2)

14. Dink oor al die karakters wat mekaar in die verhaal help. Formuleer 'n tema. (1)

15. Naamgewing kan 'n manier wees om betekenis in 'n kortverhaal te voeg.
   - 15.1 Lees nou op oor die naam Laika. Watter bekende hond se naam was ook Laika? (1)
   - 15.2 Dink aan een ooreenkoms en een verskil tussen die oorspronklike, bekende Laika en Laika in die kortverhaal. (2)
   - 15.3 Dink jy die naam is gepas vir Laika in die verhaal? Motiveer jou antwoord. (1)

**[30]**

# ANTWOORDE



## KORTVERHALE

### Elke hond kry sy dag – Nellie Alberts

1. Sy sê hulle is vol kieme en los oral hare. Sy wil ook nie daarvoor verantwoordelik wees om vir hulle kos te gee of die gras agter hulle skoon te maak nie. (2)

2. Dis 'n hond wat geteel is om al die eienskappe van 'n spesifieke honderas te demonstreer. Die honde in die voorgeslagte behoort aan dieselfde ras. "stamboekhond" (2)

3. Sy hoef nie op die grond te snuif nie, maar is 'n "lugsnuiwer". (1)

4. Sy is nie 'n jong, dalk stoute hondjie wat gate grawe en goed sal stukkend kou nie. Hy moet self vir haar kos en water gee en agter haar skoonmaak. (2)

5. Sy ma hou besonder baie van Laika en het dit nie verwag nie. (1)

6. Hy het een Saterdag op pad na 'n sportbyeenkoms die verkeerde pad gery en tot in Upington gery sonder om dit te besef. Hy ly aan demensie of Alzheimer se siekte. (2)

7. Dean laat Laika gereeld oefen om spoor te sny en sy kry dit altyd baie goed reg. Funeka en haar hond, Caesar, het weggekruip en Laika kon hulle binne sewe minute vind. (1)

8. Dis al baie donker en koud buite. Dean is bly, want te veel mense maak dit vir Laika moeilik om die regte persoon se reuk te vind. (1)

9. Oom Sarel is op 'n stukkende hangbrug, dis koud en 'n stroom dreigende water loop onder die brug verby. Oom Sarel se enkel is ook geswik, so, hy kan nie gemaklik beweeg nie. (3)

10.1 Sy het oom Sarel gevind waar hy op die ou, onstabiele brug is. (1)

10.2 Hy het op die gevaarlike brug tot by oom Sarel beweeg en hom gerusgestel oor die beweging en die dreigende water onder. (1)

10.3 Hy het die nooddienste op sy selfoon gebel. (1)

11. Elkeen kry sy kans op geluk, teëspoed, vergelding, ensovoorts. Dit kan dus beteken dat elkeen soms 'n geleentheid op iets groots kry. Dit is gepas, want Laika is letterlik 'n hond en het die geleentheid gekry om vir almal te wys hoeveel sy nog kan help. Sy het ook haar oomblik in die kollig gekry toe 'n berig oor haar in die plaaslike koerant verskyn het. (2)

12. Funeka se hond, Caesar, help haar om betyds te weet as haar bloedsuiker val. Laika het eers op 'n plaas gehelp om veediewe te vang en later het sy gehelp om oom Sarel te vind (en sy lewe te red). (3)

13. Dean het eers sy ma oorreed om Laika aan te neem. Hy het dalk haar lewe gered, want sy sou dalk andersins uitgesit moes word. Hy help haar ook later om lekker snoesig in die aande te slaap, want hy oorreed sy ma om haar by sy voete te laat slaap. (2)

14. Mense en diere het mekaar nodig. / Daar is altyd maniere om ander te help. (1)

15.1 Laika was 'n Russiese rondloperhond wat gebruik is as die eerste dier wat die ruimte binne is op 3 November 1957. Hulle het juis die rondloperhond gekies omdat hulle geglo het sy is al gewoond daaraan om erge koue en

hongerte te verduur. Sy het egter vinnig baie gespanne geraak en is kort voor lank dood omdat die ruimtetuig te warm geword het. (1)

15.2 Ooreenkomste: Nie een van die honde is opreg nie. Al twee is deur mense gebruik om hulle te help. Al twee het die koerante gehaal en 'n vorm van beroemdheid verwerf. Verskille: Die Russiese Laika is wreed hanteer omdat mense haar die ruimte in laat gaan het met die wete dat sy sou honger wees, dalk baie koud sou kry en hoogs waarskynlik sou sterf. Laika in die storie geniet haar werk as spoorsnyer en ontvang baie liefde van Dean en ander. (2)

15.3 Ja, want selfs die assosiasie met die Russiese Laika versterk die idee dat honde as hulpmiddels vir mense kan dien. Die Russe wou navorsing doen en kyk of hulle 'n lewende organisme die ruimte in kon stuur. (Leerder se eie mening.) (1)

**[30]**